9 Februarie
2025

Rom. 12: 2

# Polsslag



Gereformeerde Kerk Benoni

## Adres

24b Miles Sharpstraat,
Rynfield, Benoni, 1514

## Kerkkantoor ure

Maandag – Vrydag:
09:00 – 16:30

## Predikant

Ds. Rynhardt Pretorius
074 944 7769

## Pastorale berader

Ds. Louis Buys
082 927 2034

## Kontakbesonderhede:

Kerkkantoor:
011 849 2054
063 640 9304

admin@gkbenoni.co.za

www.gkbenoni.co.za

**Kontak ons gerus by die kerkkantoor vir enige navrae, versoeke vir huisbesoeke en/ of siekebesoeke.**

KOM MAAK GERUS 'N DRAAI BY DIE KERKKANTOOR TUSSEN 9:00 EN 16:00 VAN DINSDAE TOT VRYDAE

# geneesheer

**Jan Lubbe**



geen opleiding as dokter
paar jaar as skrynwerker
grootste groot geneesheer ooit!
nooit gehoor van stetoskoop
skalpel onbekend
antibiotika nog nie bestaan
tog gepraktiseer
en voorskrifte geskryf:
word gesond!
jou sondes word vergewe
lasarus, kom uit!
bly stil en gaan uit hom uit
steek uit jou hand!
staan op en loop
talita, koem!
gaan in vrede!
jou geloof het jou gered
effata!



laaste afspraak
laaste woord
laaste diagnose:
vandag, ja nog vandag sal jy
die paradys betree saam My!

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

**Buitedeur kollekte vandag:**

**Proponente Hulpfonds**

Snap here to pay

**SKAKEL**

**Kollektes 2 Februarie**

**Diens van barmhartigheid: R6 412**

**GKSA Sustentasiefonds: R 2 315**
**Snapscan: R383.02**

## Kerkkas:

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 220 340 333
**Verwysing**: Volle Naam, Van & Doel

**Bankbesonderhede: Diens van barmhartigheid:**

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Diakonie Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 022 028 0004
**Takkode:** 632005
**Verwysing**: Diens van Barmhartigheid

**DIENS VAN BARMHARTIGHEID:**

Snap here to donate

**SKAKEL**




Koninkryk identiteit vra die vraag: wie is ek in die Koning?

Ons identiteit is nie gebaseer op ons prestasies of foute nie, maar op God se ontwerp en doel vir ons, en ons moet daarna streef om hierdie identiteit te verstaan en uit te leef.

In die Koninkryk van God verander alles vir 'n gelowige. Wanneer ons gelowiges word en Jesus begin volg, word ons heeltemal nuwe mense. Ons identiteit word verander. Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; ou dinge het verbygegaan; kyk, alles het nuut geword. In hierdie nuwe lewe leef dissipels vir die eer van die Koning in die uitbou van sy ryk.

Identiteit bemagtig aktiwiteit. Wanneer jy jou Koninkryk-identiteit ontdek en aanvaar, sal jy die krag en wil ontdek om te leef as wie jy reeds is in die Here. Joh. 14:12 leer Jesus *"Dít verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen"*. Wanneer ons in geloof met die Koning een word en vernuwe word na sy beeld (Kol. 3:10) dan sal ons ook begin om die dinge te doen wat Hy gedoen het, want dit is wie ons in Hom is.




Lukas 12: 22-33 is 'n besonderse gedeelte wat ons hier op aarde aanmoedig om nie bekommerd of bang te wees vir dit wat nie belangrik is nie. Die Here sorg vir alles en almal en Hy is in volle beheer van elkeen se lewe; hoekom moet ons dan bekommerd wees of bang wees vir die uitdagings van elke dag as ons weet die Here sorg vir elkeen van ons ook? Wat is vrees en onsekerheid anders as ongeloof?

Ons word geroep as dissipels van Christus om Hom te vertrou in alles wat ons doen. Ons moet aanhou werk en elke uitdaging in ons lewens aanpak met volle vertroue dat God vir ons uitkoms sal gee volgens sy wil. Lewe sal nie noodwendig makliker wees nie en elke dag sal sy eie bekommernis bring, maar wanneer ons op God vertrou sal die bekommernis van hierdie wêreld ons nie oorweldig nie, want God is met ons.

## VERJAARSDAE HIERDIE WEEK

**10 Februarie**
Johané Pretorius #

**11 Februarie**
Ben van der Walt

**12 Februarie**
Willem Greyvensteyn
Schalk van Staden

**13 Februarie**
Amoré Human #
Jacob van Wyk
Melani van Wyk
Elizia Venter #

***Dooplidmaat #***
***≥70 *   ≥80 *****
***≥90 ******

**MAG DIE HERE JULLE RYKLIK SEËN EN BEWAAR IN DIE KOMENDE LEWENSJAAR!**

## KOINONIA

- Louis Buys ondergaan toetse in die Kaap in die komende week.
- Rita Suurd is deur ‘n spinnekop gebyt en word nog behandel hiervoor.
- Verita Moller het Bell’s Palsy in die week gekry.
- Lourette van Dyk het swaar longontsteking in die week gekry.
- Hettie Herbst sukkel met erge rugpyn.
- Schalk Venter is ontslaan uit die rehabilitasie sentrum en herstel tuis.
- Tannie Anna Smit, ‘n oud-lidmaat, is ‘n week terug oorlede. Sy was oor 100 jaar oud.

## PREDIKANTSKANDIDATE VIR BEROEPING

Daar is vraelyste uitgestuur na 6 kandidate. Die spertyd vir voltooide vraelyste is Sondag 9 Februarie waarna die Strategiese Diensgroep daardeur sal werk.







**Registreer hier op die elektroniese vorm: https://forms.gle/aakFdhrWK5ZzK2Ff9**











*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*











**KAMP INSKRYWINGSVORMS: SKAKEL**
**OF GESELS MET STEFAN COETZEE (083 785 2713)**
















## Vars Plaas Eiers

30 eiers XL R70

30 eiers XL Jumbo (Baie groot eiers) R100

Vars Plaas botter (Geen preserveermiddels)

Bestel teen **Woensdag** en kry dit die naweek

WhatsApp: **0826080800** om te bestel - Gratis aflewering

## EENSLAAPKAMER WOONSTEL BESKIKBAAR

'n Ruim eenslaapkamer woonstel met *carport* in Atlasville is beskikbaar.

Kontak Steffi 083 783 3800

# Leer ken jou mede lidmate

## (Oom) Adri en (tannie) Julie Goede (deel 2)

***(saamgestel deur Lidia Venter)***



Adri en Julie het vir ‘n kort tydperk in Pretoria kerk toe gegaan – by Pretoria Sentraal en Voortrekkerhoogte. Op Voortrekkerhoogte was daar grootliks manne van die weermag wat lidmate was. Hulle sou dikwels ‘n klompie soldate by hul huis verwelkom na kerk en het dan vir hulle rooster toebroodjies gemaak. Dié manne was altyd te gelukkig dat hulle rede gehad het om uit te kom op ‘n Sondag en sou graag so lank as moontlik uit bly. Hulle het op een stadium ‘n konsert gereël waaraan dié manne deelgeneem het. Skielik was dié wat wou oefen vir die konsert heelwat meer as wat oorspronklik deel van die groep was.

Sedert hulle teruggekom het Benoni toe, het hulle baie aktief in die kerk en gemeenskap gewerk. Adri het kort na sy geloofsbelydenis diaken geword, nog voordat hy uit die skool gegaan het. In Pretoria was hy ook diaken by Pretoria Sentraal en op die kerkraad by Voortrekkerhoogte. Kort nadat hulle teruggekom het, was hy weer op Benoni se kerkraad. Julie was ook ‘n diaken in GK Benoni.

Nadat hulle vir ‘n geruime tyd in Rynfield gebly het in die huise wat hulle self gebou het en waar hulle kinders grootgeword het, het hulle afgeskaal en in die kompleks, The Oval, in Northmead gaan bly. Hulle bly nou al 19 jaar in Rynpark – van 2006 af. Vir ‘n groot deel van hierdie tyd was Adri deel van Rynpark se raad en het ook as voorsitter gedien – tot hy 80 jaar oud geword het. Hieroor sê hy self dat hy nie voel enigiemand moet so ‘n verantwoordelike pos hê wanneer hulle ouer as 80 jaar is nie.



**‘n Groot Goede familiefees met Adri se ma se 92ste verjaarsdagviering.**

"Jy begin te veel foute maak." Die tyd op die raad het verskeie interessante uitdagings gebied. Hulle bly van die begin af in 'n drie-slaapkamer huis – van die groter huise by Rynpark wat eintlik 'n dubbelhuis is.



Hulle het 5 kinders: Lida, Julia, Erika, Veronica en Riaan. Riaan bly al 'n geruime tyd in Nieu-Seeland en tans bly Lida en Julia op die familie se plaas in Schoemanskloof, so 50km voor Nelspruit. Ons gemeente is goed bekend met Erika (Buma) en haar gesin en Veronica en Dirk is nog lidmate by ons. Adri en Julie se kleinkinders is verspreid oraloor die wêreld – van Kalifornië tot Londen, Dubai, Mianmar en ook Nieu-Seeland.

Hulle het op verskeie maniere groot seën en voorspoed, maar ook hartseer in hul familie beleef. Terwyl hulle self relatief goeie gesondheid geniet, het hul dogters op tye (en ook steeds) 'n stryd teen kanker gestry. Hul het ook 'n skoonseun verloor wat aan 'n hartaanval dood is. Van die grootste gemis deesdae is sussies en broers wat nie meer leef nie en baie naaste gemeentelede en vriende wat saam met hulle deel gevorm het van 'n Bybelstudiegroep wat nie meer vandag leef nie.

Hulle het nie groot raad vir 'n gelukkige huwelik of hoe om kinders "goed" groot te maak nie. Soos Julie sê: "Jy maak hulle maar net groot". Die grootste deel van 'n lang lewe saam is genade van God en om te leef in afhanklikheid van Hom.

---

